NG GEMEENTE ROUXVILLE
VAKATURE: LERAAR VASTETERMYN (1 JAAR KONTRAK)

As diep afhanklike en biddende gemeente, vertrou ons dat God onse Vader sal voorsien en rig ons 'n hartlike uitnodiging aan applikante om aansoek te doen vir die leraarspos.

GEMEENTEPROFIEL: Rouxville, 'n plattelandse dorp in die Suid-Vrystaat, is 40 km noord vanaf Aliwal Noord en 170 km suid vanaf Bloemfontein op die N6 roete. Dit is ingeskakel by die Smithfield Ring. Die dorp en distrik het 'n ryk geskiedenis wat oor 150 jaar strek. Landbou-aktiwiteite is hoofsaaklik bees- en skaapboerdery, met ook besproeiingslande. Die pragtige groot sandsteenkerk is 'n historiese monument. Die gemeente bestaan uit 11 wyke, waarvan ses in die dorp geleë is (67 besoekpunte) en vyf plaaswyke (64 besoekpunte). Wyk 11 (ook 'n dorpswyk), word deur 'n voltydse evangelis bedien en bestaan uit voormalige VGK-lidmate wat ten volle by die gemeente inskakel. Die gemeente se ouderdomsverspreiding is ongeveer 10% dooplidmate en 33% bejaardes - 57% is tussen 20 - 60 jaar. Die gemeente se visie is: *Vir ons is die lewe Christus.*

LERAARSPROFIEL: Die Gemeente nooi proponente, gelegitimeerde predikante en emeritus-leraars uit wat die Here liefhet en met toewyding dien, om aansoek te doen. Hy/sy moet, met KO Art 9 as grondslag, die evangelie met vreugde, erns, opregtheid en vrymoedigheid verkondig. Hy/sy moet ook gemaklik wees in die alledaagse omgang met mense in verskillende lewenstadiums, vanaf kinders tot bejaardes en 'n gevoelige hart hê vir hulle omstandighede. Lidmate moet pastoraal versorg en ook tuis besoek word. Die persoon moet maklik met ander kan saamwerk, leiding neem met beplanning en met entoesiasme die boerderygemeente help instandhou en verder uitbou.

DIENSTERMYN: 'n Vaste termynbepaalde pos van een (1) jaar wat verleng kan word en jaarliks by ooreenkoms hersienbaar is.

VERGOEDING:

- Die totale vergoeding is R260 000.00 per jaar, bonus ingesluit.
- 'n Motor, met onderhoud van voertuig, word voorsien vir gemeentewerk.
- Gratis behuising by wyse van 'n pragtige, historiese pastorie met eie water.
- Elektrisiteit word beperk voorsien.
- Landlyntelefoon is beperk beskikbaar.

AANSOEKE: Moet vergesel wees van 'n volledige CV (nie langer as vier A4-bladsye nie), met name en duidelike kontaknommers van referente. Aansoeke kan per e-pos gestuur word na ngkerk.rxl@zipplink.co.za, of gefaks word na 051 663 0135. Die posadres is NG Kerk Rouxville, Posbus 94, Rouxville, 9958. **Aansoekers moet beskikbaar wees vir 'n moontlike onderhoud en/of preekbeurte.**

SLUITINGSDATUM: Vrydag 25 Mei 2018

DIENSAANVAARDING: 1 Julie 2018, of so gou as moontlik daarna.

NAVRAE: Martie Raubenheimer (Skriba), tel 051 663 0135 gedurende kantoorure (Maandae tot Vrydae 8:00 - 13:00), e-pos **ngkerk.rxl@zipplink.co.za**
Gerhard Steyn (Leierouderling) tel 084 840 0201, of 087 550 1836
Davie du Plessis (Sameroeper Pre-Advies Kommissie) 087 877 3229, of 087 550 2040

Die Kerkraad van die NG Gemeente Rouxville behou hom die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoekers te maak nie.